# LEERLINGBYDRAES

**Waarom is volksfeeste belangrik?**

Elke land het geskiedkundige feesdae. So het Suid-Afrika ook feesdae wat gevier word bv. Republiekdag, Krugerdag, Geloftedag, Stigtingsdag ens.

Waarom het ons die feesdae? Hierdie feesdae word herdenk deur 'n volk wat bly en trots is dat hul Suid-Afrikaners is. So het ons byvoorbeeld die 31ste Mei 1961 'n volwaardige onafhanklike volk geword en alle bande met Brittanje verbreek.

Elke land het 'n aantal feesdae, gewoonlik geskiedkundig, wat herdenk word. So kry 'n land dan vakansiedae wat ook noodsaaklik is. Hierdie dae kan ook as rusdae dien.

Hierdie jaar vier ons die Diasfees. Hierdie fees word gevier omdat Bartlomeu Dias 500 jaar gelede om die suidpunt van Afrika geseil het en die kalksteenkruisie by Mosselbaai en Algoabaai geplant het. Vir ons as volk beteken dit weer eens dankbaarheid en erkentlikheid teenoor hierdie Portugese seevaarder.

Ek glo geskiedkundige feesdae is uiters belangrik om 'n volk altyd te laat onthou en om dankbaar te wees teenoor sy Skepper dat Hy hierdie dae in 'n volk se lewe gebring het.



Daleen van Rooyen (St. IV)
Laerskool Edleen
Kempton Park

**Waarom volksfeeste vir ons belangrik is**

Om volksfeeste te hou is vir ons in Suid-Afrika baie belangrik en ek noem graag 'n paar redes. Ons vier dit om ons volk se tradisies te bewaar en om ons nageslag te herinner waarvandaan hulle kom, soos bv. die Franse Hugenote, Voortrekkers ens. Hulle behoort te weet wat hulle voorouers vir hulle gedoen het en dat hulle daarop trots moet wees. Dit is ook om ons volkseenheid te behou en om ons te leer om saam te staan. Ons moet net leer om saam te werk. Volksfeeste kan dit aanhelp.

Volksfeeste leer ons om ons naaste te waardeer, want ons het saam swaargekry. Ons vier feeste saam, hoekom kan ons nie saamleef nie.

Van ons volksfeeste is ook 'n verbond met God soos by die Slag van Bloedrivier waar 'n monument opgerig is. Ons bevestig dat ons dankbaar is vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Ons herdenk sulke dae, ons onthou waaroor dit gaan, en ons is dan dankbaar.

Volksfeeste kan ook plesierig wees, en ons ontspan op die dae soos bv. die Diasfees by Mosselbaai.

Een ding bly staan: Ek is trots op my land, sy vlag en al sy feeste.



Marlie Oosthuizen (St. IV)
Laerskool Edleen
Kempton Park

**Feeste in Suid-Afrika**

In Suid-Afrika het ons baie feeste. Hierdie feeste word een maal per jaar gevier. Volksfeeste word gevier sodat dit jou aan daardie gebeurtenisse kan herinner en omdat dit 'n baie groot deel van ons volkskultuur uitmaak.

'n Paar voorbeelde van volksfeeste is: Stigtingsdag op 6 April, Republiekdag op 31 Mei, Krugerdag op 10 Oktober en Geloftedag op 16 Desember.

In vergelyking met ander volke is ons Afrikanervolk maar slegs 'n druppel in die emmer. Daarom moet ons ons volkskultuur hooghou en dié paar volksfeeste herdenk.

Sekere van hierdie feeste word as 'n Sondag herdenk bv. Geloftedag. In hierdie tyd het ons volksleiers 'n Gelofte aan God gemaak nl. as hulle die stryd by Bloedrivier kon oorleef, sal hulle daardie dag as 'n Sondag herdenk. Die Here het hulle gehelp en daarom is dit ons plig om die 16de Desember altyd as 'n Sondag te herdenk.

Dit is ook ons morele plig as Afrikanervolk om ons ander volksfeeste te herdenk sodat die Afrikanerkultuur vir ons en ons kinders en dié se kinders kan behoue bly.



Elizmari Raath (St. IV)
Laerskool Edleen
Kempton Park

**Die bydrae wat B. Dias tot die Kaapse seeroete gelewer het.**

Soos almal weet is die Kaapse seeroete vir die Weste van groot belang, ekonomies, sowel as militêr. Dink maar wat gebeur as die Suezkanaal gesluit is.

Tog is dit belangrik, veral nou met die Dias-feesvierings, om te kyk na die bydrae wat Bartlomeu Dias tot die Kaapse seeroete gelewer het. Ten eerste moet ons besef dat dit om handelsredes gegaan het, maar nieteenstaande hierdie feit het hy onder andere:

(1) Finaal bewys dat Afrika omseil kan word.

(2) Die eerste blanke (Europeër) geword wat die suidpunt van Afrika ontdek het.


(3) 'n Verteenwoordiger van 'n Christelike land was.

In teenstelling hiermee, sien die inwoners van Afrika, en ook ons swart en gekleurde gemeenskappe, Dias vandag as voorloper van blanke kolonialisme. Hulle kyk egter na die geskiedenis van die anderkant af en gee 'n ander vertolking daaraan.

Die groot bydrae van die Kaapse seeroete was dus die feit dat die Portugese en later die ander westerse volkere, kontak met die swartes gemaak het.

Nedersettings het heelwat swartes gelok, wat die taal aangeleer het, asook Rooms-Katolieke en ander sendelinge wat gehelp het met die verspreiding van kultuur en godsdiens.

Dias se reis was dus 'n belangrike historiese gebeurtenis, gesien teen die breër agtergrond van die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis.



Riaan Davel (St. V)
Laerskool Edleen
Kempton Park

Dit gebeur selde dat die dade van 'n seevaarder van ouds herdenk word. Vanjaar is dit Dias-jaar omdat Dias nie net vir ons as volk baie beteken het nie, maar omdat sy ondekkingsreise ook vir ons land van onskatbare waarde was.

Dit is daarom belangrik dat ons hierdie geskiedenis in herinnering roep en ons mense se aandag weer vestig op hierdie historiese daad. Ek ag dit daarom nodig om 'n gedeelte van hierdie geskiedenis aan u op skrif te stel met 'n vriendelike versoek dat u dit so gou moontlik in u tydskrif sal plaas.

Dias se naam word in 1481 vir die eerste keer in die Portugese dokumente genoem as die kaptein van die karvele Sao Chrisvae en Sao Pantaleao. Hy was 'n gewone burger in diens van die koninklike huishouding. Die vernaamste rede vir die Portugese ontdekkingsreise was handel. Daarom het Bartolomeu Dias vyfhonderd jaar gelede langs die ruwe kus van Afrika om die Kaap geseil op soek na 'n nuwe seeweg na Indië om speserye na Europe te bring.

Die belangrikheid van sy ontdekkingsreis lê verder ook in die feit dat hy die seeroete om die Kaap aan die Europeërs bekend gestel het en dat daar kontak bewerkstellig is tussen die inwoners van Suid-Afrika en verbygaande seevaarders. Dias het die finale bewys gelewer dat die Suidpunt van Afrika omseil kan word. Historici van Portugal en Suid-Afrika beskou Dias as die eerste blanke wat die suidpunt van Afrika ontdek het.

Ek vertrou dat bogenoemde weer die belangrikheid van Dias se reise vir ons mense sal onderstreep en dat u in u tydskrif die nodige ruimte sal vind om dit te plaas.



Riëtte Botha (St. V)
Laerskool Edleen
Kempton Park.

**Die waarde van Dias se ontdekking**

Ek wonder hoeveel van ons lesers besef die volle implikasie

van Dias se ontdekking van die suidpunt van Afrika?

Dias en sy matrose het by hul terugkeer in Portugal weinig erkenning ontvang want hulle het met hul gebrekkige kennis van die geografie van Afrika nie die verband gesien tussen Dias se reis en Indië nie. Dias het immers met leë hande terug gekeer, sonder goud of speserye.

Vandag sien ons egter sy reis in die regte perspektief. Dias het bewys dat Afrika omseil kan word en die Ooste dus oorsee bereikbaar is. Vandag is die Kaapse hawe van groot belang vir die hele wêreld. Dink maar met hoeveel begerige oë beskou die wêreld die Kaapse hawe as dit by die handel in olie kom. Om nie eers te praat watter strategiese punt dit is as dit by oorlogsvoering kom nie. Dias word beskryf as die draer van die Christendom en beskawing na 'n vasteland-Afrika.

Al het die Portugese die Afrikakus net vir handel en eie verryking gebruik, het hulle tog hierdie kuste aan die Europeërs bekend gestel en 'n ere van kontak met Nederlandse, Franse, en Engelse seevaarders, ingelui. Deur sy fanatiese deursettingsvermoë het Dias dus nie net die seeroetes na Afrika oopgestel nie, maar 'n handelsroete oopgestel, wat vir die hele wêreld van groot belang is.

Dias het gesorg vir die eerste opgetekende geskiedenis in Suid-Afrika. Hy was die beginpunt, van 'n land wat ontwikkel het tot dit wat ons vandag ken.

Uit die paleis van Joa 1 in Lissabon het die klanke van die beskawing in 1488 getrek, om die ontwikkelde land Suid-Afrika van 1988 tot stand te bring.



Louis van Heerden (St. V)
Laerskool Edleen
Kempton Park

**Dias se bydrae tot die Kaapse seeroete.**

Ek wil graag vir u vertel wat ek dink Dias se bydrae tot die Kaapse seeroete was. Die Portugese se ontdekkingsreise was hoofsaaklik op Afrika toegespits.

Meeste mense dink dat die Dias-reis maar net 'n reis na die suidpunt van Afrika was, maar dit is nie so nie. Dias se reis wat 'n groot ontdekking, want dit is die belangrikste seeroete wat daar nog ooit uitgevind was.

Na die ontdekking van die reis het meer mense daarvan gehoor en het meer mense die seeroete gebruik. Ander nasies het na Suid-Afrika gekom, bv. die Nederlanders. Hulle het saam met Jan van Riebeeck na die suidpunt van Afrika gekom en sodoende het die eerste blankes na Suid-Afrika gekom.

Met hierdie seeroete kon daar handel gedryf word. Die karveel is in Dias se tyd as die suksesvolste van al die handelskepe beskou en dit was dan ook die eerste speserye-skip wat die Suid-Afrikaanse kus aangedoen het.

Ek vertrou dat bogenoemde die belangrikheid van Dias se reis sal beklemtoon.

Hannes Neethling (St. V)
Laerskool Edleen
Kempton Park.